APTEKERSWESE

Jou nommer EEN professionele beroepskeuse

B.PHARM.

Skool Vir Farmasie

Innovasie deur diversiteit

NOORDWES-UNIVERSITEIT
YUNIBESITI YA BOKONE-BOPHIRIMA
NORTH-WEST UNIVERSITY
POTCHEFSTROOMKAMPUS

WAT IS APTEKERSWESE?

Die gebruik van medisyne om siektes te genees is so oud soos die mensdom self. Daar is steeds 'n dringende en toenemende behoefte aan nuwe geneesmiddels, die vervaardiging en verspreiding daarvan en die lewering van gesondheidsdienste deur die apteker. Omdat moderne medisyne 'n uiters komplekse- en hoogs potente molekule is, is die kontrole daaroor en die advieslewering oor die gebruik daarvan en die gepaardgaande voorsorgmattreels en newe-effekte van toenemende belang in gesondheidsorg.

Die aptekersberoep, saam met dokters, verpleegkundiges, fisioterapeute, radiografiste ens., is deel van die gesondheidsorgspan met die primêre verantwoordelikheid vir medisyne in al sy fasette.

Wat medisyne betref, is die apteker die sentrale figuur in die gesondheidsorgspan of dit nou die ontwerp van nuwe geneesmiddels, die vervaardiging of verskaffing van medisyne aan die publiek of die kontrole of advies oor die rasionele gebruik daarvan is.

Waarom Aptekerswese?

Aptekerswese is ...

- 'n dinamiese, professionele beroep met 'n wye verskeidenheid van loopbaanmoontlikhede om persoonlike voorkeure en persoonlikheid te pas
- oorwegend mens- en diensgerig
- 'n intellektuele uitdagende beroep met gewaarborgde werksbevrediging
- As gevolg van die groot tekort aan aptekers, is daar na kwalifikasie as apteker sekerheid van indiensneming met aantreklike vergoedingspakkette

Loopbaanmoontlikhede

Die jong, pas gekwalifiseerde apteker, het 'n wye spektrum van loopbaankeuses afhangende van sy / haar eie voorkeure.

Gemeenskapsaptekerswese

Tans werk die meerderheid van geregistreerde aptekers in gemeenskapsapteke, hetsy in die tradisionele privaatapteke of kettinggroepapteke. Die apteker is vir die algemene publiek die toeganklikste lid van die gesondheidspan. Dit verskaf die ideale geleentheid vir die apteker om met die pasiënt te kommunikeer oor die gebruik van medisyne en advieslewering oor algemene gesondheidsprobleme. Dit is die ideale terrein vir diegene wat verkies om met mense te werk.

Hospitaalaptekerswese

Daar is 'n groot tekort aan aptekers in publieke hospitale. Hospitaal aptekers is betrokke by sowel gehospitaliseerde pasiënte sowel as by buitepasiënte. Hulle is verantwoordelik vir die aankoop, berging reseptering en verspreiding van medisyne en chirurgiese materiaal in die hospitaal en klinieke. Deel van hul verantwoordelikheid behels ondersteuning van medici en verpleegkundiges in gespesialiseerde klinieke en tydens saalrondes oor die korrekte gebruik van medisyne en doserings. Aptekers in privaathospitale bedien sowel hospitaalpasiënte en die algemene publiek. As sulks praktiseer hulle beide hospitaalaptekerswese en gemeenskapsaptekerswese.

Konsultasie-aptekerswese
Moderne gesondheidsorg strategieë, soos bestuurde gesondheidsorg. Plaas groot klem op voorkomende gesondheidsorg en lewenstylverbetering. As voorbeeld word aptekers in diens geneem deur mediese skemas as kliniese aptekers en gesondheidsorgbestuurders. Sommige aptekers het ook onafhanklike konsultasiepraktyke.

Industriële farmasie
Vir diegene wat 'n industriële of navorsingsomgewing as 'n oopbaan verkies, bied die farmaseutiese vervaardigingsbedryf 'n verskeidenheid van moontlikhede. 'n Groot aantal internasionale en plaaslike vervaardigings-maatskappye werk in Suid-Afrika. Aptekers is hier betrokke in 'n verskeidenheid van hoedanighede, bv. navorsing en ontwikkeling van nuwe geneesmiddels of nuwe doseervorme, toesighouding oor die vervaardingingsproses van medisyne, kwaliteitskontrole van medisyne, bemarking en verspreiding, kliniese proewe en die registrasie van medisyne by die Medisyne Beheerraad.

Medisyne Beheeragentskap (MBA)
Aptekers is 'n kernkomponent van die MBA as evalueerders van nuwe medisyne registrasie-aansoeke of inspekteurs van medisynevervaardigers om die beskikbaarheid van kwaliteit medisyne in Suid-Afrika te verseker.

Akademie
'n Nagraadse kwalifikasie is 'n vereiste vir sekere poste. Meesters- en PhD-studies kan onderneem word in enige van die hoofvakrigtings in Farmasie. Daar is 'n groot tekort aan dosente en navorsers met nagraadse kwalifikasies in Farmasieskole in Suid-Afrika. Sommige aptekers is ook werksaam as navorsers by navorsingsrade soos die WNNR en die MNR en in die farmaseutiese bedryf.

Hoe word ek 'n apteker?
Die opleidingsprogram
Ten einde 'n apteker te word, moet kandidate

- Die vier jaar akademiese program van die BPharm-graad voltooi
- 'n een jaar lange internskap in 'n gemeenskapsapteek, hospitaalapteek of farmaseutiese bedryf voltooi

Alternatiewelik kan kandidate inskryf vir 'n Meestersgraadstudie en 'n akademiese internskap voltooi wat normaalweg twee jaar duur. Na kwalifikasie as apteker word van jou verwag om een jaar gemeenskapsdiens te verrig in die openbare sektor. Gedurende hierdie tyd word die apteker vergoed teen kompeterende salarispakkette.

Toelatingsvereistes
- Graad 12 met universiteitstoelating
- Wiskunde en Fisiese Wetenskap op vlak 4
- 'n APS-telling van minstens 26
- Suksesvolle voltooiing van 'n psigometriese toets
- Applikante wat reeds ten minste een jaar van tersiêre opleiding in die natuurwetenskappe voltooi het, sal op meriete oorweeg word.
  Voornemende studente moet voor 15 September aansoek doen. Laat aansoeke sal egter ook op meriete oorweeg word

Die Kurrikulum

'n Modulêre, uitkomsgebaseerde benadering word gevolg. Vakke soos Chemie, Fisika, Medisinale Plantkunde, Dierparasitologie, Mikrobiologie en Biochemie vorm 'n soliede grondslag vir die program. Dit word aangevul met kursusse in rekenaarvaardigheid, kommunikasie en etiek. Die farmaseutiese hoofvakke is Farmakologie, Farmaseutiese Chemie, Farmaseutika, Farmasiepraktyk en Kliniese Farmasie. Die volle kurrikulum is beskikbaar op ons webwerf by http://www. nwu.ac.za/pharmacy. Die meeste vakke sluit laboratoriumpraktika en kliniese praktykblootstelling in om die teoretiese opleiding te ondersteun. Gestruktureerde praktykopleiding begin in die tweede jaar om studente voor te berei vir hul toekomstige rol as lede van die gesondheidsorgspan.

Waarom by die Noordwes-Universiteit studeer?

- NWU lei aptekers op langer as enige ander universiteit in Suid-Afrika (sedert 1942)
- Byna 'n derde van die aptekers in Suid-Afrika is deur die NWU opgelei
- Die 'Diamond Arrow Award' vir die beste Farmasieskool in die land is aan hierdie universiteit toegeken sedert die instelling van die toekenning
- Kwaliteit en relevansie van die opleiding is die wagwoord
- Die opleiding word ondersteun deur gevestigde navorsingsprogramme
- Die sprankelende studentelewe op kampus in 'n rustige en veilige omgewing is bevorderlik vir akademiese studie

Navrae
Tel: 018 299 2237
Faks: 018 299 4303
E- Pos: hannelie.nortje@nwu.ac.za
Besoek asb ons webwerf by: http://www.nwu.ac.za/pharmacy.

Ons land het PUK aptekers broodnodig!
Kom sluit aan by die poort na 'n professionele toekoms met 'n spektrum van beroepsmoontlikhede!